# BLACK THEOLOGY

# VOORBEREIDING VIR DIE REWOLUSIE?[1]

## 1. Inleidende opmerkings

Dit is 'n algemene aanvaarde feit dat Suidelike Afrika vandag in 'n bedreigde posisie staan. Binne Suidelike Afrika is die sterkste enkele bolwerk die Republiek van Suid-Afrika. Geestelik en stoflik is die Republiek die kragbron wat Rhodesië, Mosambiek en Angola die selfvertroue gee om staande te bly teen die meervoudige strategieë wat ontwerp is om Suidelike Afrika te bevry en dan te omvorm.

Die primêre doelwit wat ten opsigte van Suidelike Afrika nagestreef word, is om die ongeveer 17 miljoen of meer nie-blankes wat suid van die Cabo Delgado—Kaap Frio-lyn woon van „blanke oorheersing" te bevry en om die seëninge van *uhuru* in Suidelike Afrika in te dra.[2]

In die geheel van die magte, organisasies, owerhede en persone wat hulle daarvoor beywer om Suidelike Afrika te oorrompel en wat daarom ook die Republiek van Suid-Afrika aanval, speel die *Organisasie vir Afrika Eenheid* 'n belangrike rol. Hierdie organisasie is in Mei 1963 te Addis Abeba gestig en die grondmotief vir die bestaan van hierdie organisasie is om die nie-blanke in Suidelike Afrika te bevry.[3] Die *Africa Liberation Committee* van die OAE is dan ook gevestig om die militêre aanslag op Suidelike Afrika, wat deur middel van terrorisme gedoen word, te koördineer, te finansier en te lei.[4] Tot dusver het die terrorisme nog nié in sy doel geslaag nie en die algemene indruk is dat die verskillende terroriste-organisasies in 1972 verder van hulle doelwit is as in Mei 1963.

Een van die groot tekortkomings van die terroriste-organisasies was en is dat hulle nog nié daarin kon slaag om binne Suidelike Afrika die nie-blanke wat bevry moet word, werklik te besiel met dieselfde ideale en ambisies as dié wat die terroriste aandryf nie. Dit het beteken dat in Mosambiek, Angola, Suidwes-Afrika en Rhodesië die terroristegroepe oor die algemeen deur die plaaslike bevolking nie as vriende en bevryders nie, maar as vyande, beskou word.[5] Juis dit het die effektiwiteit en die moontlikhede van die terrorisme ernstig aan bande gelê en waarskynlik ook 'n bydrae gelewer tot die relatiewe mislukking van die „bevrydingsoorlog" wat met soveel trompetgeskal en grootpratery in 1963 aangekondig is.

Hierdie tekortkoming word wel deeglik besef en daar word tans hard gewerk om dié tekortkoming reg te stel. Hoewel hierdie strategie nêrens in soveel woorde aangekondig is nie, is dit duidelik dat die propagering van, onder andere, die *Black Theology,* daarop gemik is om die ideologiese klimaat in Suidelike Afrika en veral in Suid-Afrika sélf te verander. Die gedagtes en ideale van die Panafrikanisme, die min of meer gemeenskaplike ideologie van die OAE-lede én die meerderheid van die terroriste-organisasies, verskil nie juis wat inhoud en struktuur betref van die *Black Theology* nie. Inteendeel 'n leidende propagandis van die *Black Theology,* prof. James H. Cone

van *Union Theological Seminary* in die V.S.A., sien *Black Theology, Black Consciousness* en Panafrikanisme feitlik as wisselbegrippe en in ieder geval as denkpatrone wat uit 'n gemeenskaplike voedingsbodem kom.[6]

Wanneer die verskynsel *Black Theology* bespreek word, sal dit nodig wees om hierdie verbondenheid of koppeling van die *Black Theology* in gedagte te hou. Dit is 'n oop vraag of die propageerders van *Black Theology* in Suid-Afrika daarvan bewus is dat *Black Theology* nie veel meer is as die religieuse interpretasie van *Black Consciousness* nie.[7] Dit is net so 'n oop vraag of hulle daarvan bewus is dat met die propagering van *Black Theology* hulle besig is om juis dáárdie ideologiese klimaat in Suid-Afrika te skep wat as 'n voorwaarde gesien word vir die deurvoering van 'n suksesvolle terroriste-oorlog en rewolusie.[8] By gebrek aan gegewens is daar geen ander moontlikheid as om te konkludeer dat die propageerders van *Black Theology* nié daarvan bewus is dat *Black Theology* so 'n koppeling het en so gebruik kán word nie. Maar dit neem nog nie weg dat die verskynsel *Black Theology* baie interessante resultate kan lewer wat in sommige gevalle miskien anders kan wees as wat mens normaalweg van 'n teologie verwag.

## 2. Die herkoms van Black Theology

Word nou gevra na die herkoms van *Black Theology* dan vind dit in die hedendaagse omstandighede sy eerste uitdrukking in 'n bundel oordenkings wat die *Black Power*-georiënteerde negerpredikant, Albert Cleage, van Detroit gepubliseer het. Maar by nadere bestudering is dit duidelik dat die *Black Theology* se agtergronde baie verder terug lê en wel by die neger- en bantoe-separatistekerke wat in die vorige eeu al na vore gekom het. In die V.S.A. was dit veral die *African Methodist Episcopal Church* onder leiding van biskop H. M. Turner en in Suid-Afrika die separatistebeweging van Mangena Mokone en James Dwane wat in die vorige eeu die kreet „Africa for the Africans" geloods het.[9] Mokone en Dwane se *Ethiopian Church*, die oudste Bantoe separatiste-kerk se ontstaan en optrede word baie netjies omskrywe deur V. B. Thompson:[10]

> „The rise of Ethiopianism in Southern Africa is an example of religious resistance, though this was in fact a case of politics veiled in the garb of religion."

Daar is dus, sowel in die V.S.A. as in Suid-Afrika, 'n bepaalde voedingsbodem vir 'n beweging soos die *Black Theology* omdat in die Ethiopiese-tipe separatistekerke daar 'n besliste antipatie teen die blanke bestaan[11] terwyl in die V.S.A. die anti-blanke gevoel onder die negers ook gevoed is deur die neger separatistekerke.[12]

Die *Black Theology* soos dit in die V.S.A. tot uitdrukking gekom het, is egter iets anders as die „politics veiled in the garb of religion" van die vorige eeu omdat die *Black Theology* as teologie swaar leun op 'n ideologiese onderbou wat hoofsaaklik gevorm word deur die marxisme en die neo-marxisme van ons tyd.

Die marxistiese onderbou, wat in die meeste gevalle byna bepalend vir die struktuur, riglyne en rigting van die *Black Theology* is, blyk dááruit dat die *Black Theology* afkomstig is uit die Amerikaanse *New Left*, 'n beweging wat sterk bepaal word, ideologies gesproke, deur die denke van prof. Herbert Marcuse en die geskrifte en opvattings van leidende figure in die geheel van die neo-marxistiese denke soos Mao Tse-Tung, Fidel Castro, Che Guevara en dergelike.[13] Méér spesifiek kom die *Black Theology*, organisatories en ideologies, voort uit die Amerikaanse *Black Power*-beweging wat 'n onderafdeling van die *New Left* genoem kan word.[14] *Black Power* of sy wisselbenaming, *Black Consciousness*, het 'n besondere gestalte gevind in die Amerikaanse *Black Panther*-beweging waarin figure soos Huey P. Newton, Stokeley Carmichael en Eldridge Cleaver 'n belangrike rol gespeel het en speel. *Black Theology* wil, volgens die gesaghebbende prof. James H. Cone, niks méér as die religieuse interpretasie van hierdie basies marxistiese of neo-marxistiese *Black Power*-ideologie wees nie.[15]

In Suid-Afrika is die *Black Theology* die eerste gepropageer deur 'n leidinggewende figuur van die *University Christian Movement*, naamlik Basil Moore. Van huis uit was Moore 'n ampsdraer van die Metodistekerk wat 'n tyd lank sy predikantstatus in die kerk behou het terwyl hy organisatories en andersins binne die UCM bedrywig was. Die Metodistekerk het egter sy steun aan die UCM onttrek en ook Moore se predikantsbevoegdhede binne die Metodistekerk ingetrek.

Basil Moore het, voordat hy die *Black Theology* binne die raamwerk van die UCM geloods het, in 1966 'n leidende rol gespeel in die totstandkoming van die UCM. Dié beweging het hy in Suid-Afrika help stig nadat hy in die V.S.A. met die UCM aldáár in aanraking was.[16] Die Suid-Afrikaanse UCM was in baie opsigte 'n weerspieëling van die Amerikaanse UCM wat binne die Amerikaanse *New Left* na vore gekom het. Moore self het, volgens sy artikels en geskrifte, hoofsaaklik in die terme en strukture van die Amerikaanse *New Left* gedink en geskryf.[17]

Waarskynlik vanweë sy Amerikaanse verbintenisse en ook vanweë die Amerikaanse druk om daadwerklik op te tree,[18] het Basil Moore in 1970 in Suid-Afrika die *Black Theology* geloods. Die belangrikste van sy studiestukke en referate in hierdie verband is sy *Towards a Black Theology; What is Black Theology?; The Theology of Land; Towards a Theology of Sexual Politics* en dan ook die noodsaaklike teenhanger van die *Black Theology*, naamlik *Towards a White Theology*.

Moore se propagering van die *Black Theology* het onmiddellik weerklank gevind in die UCM. Daarnaas het *Pro Veritate*, die mondstuk van die *Christian Institute of Southern Africa* byna dadelik oorgegaan tot die propagering van die *Black Theology* terwyl die UCM en CISA konferensies georganiseer het om die *Black Theology* onder die nie-blanke te populariseer. Uit die geheel van referate wat op dié konferensie gehou is, studiestukke en gepubliseerde

stukke oor die *Black Theology* kan 'n duidelike beeld van die *Black Theology* gekry word.

Vanuit die *Black Theology* self is verskillende definisies van dié teologie gegee. Een van die interessantstes is seker dié wat deur die UCM gegee is op sy voorlaaste kongres in 1971. Daar is gestel:[19]

> „Black consciousness implies the totality of involvement of black people and hence the message of black consciousness has to be spread to reach all segments of the oppressed community. Black Theology, the ideology of the oppressed people and liberation is an important aspect of Black consciousness and seeks to relate black people with their God, a fighting God who abhors all repressive regimes."

Daarnaas word van verskillende kante gestel dat *Black Theology* 'n teologie van verlossing vir die swartman is, 'n verlossing van onderdrukking en lyding,[20] òf dat dit 'n situasie- of omstandigheids-bepaalde teologie is,[21] òf dat dit 'n verlossingsteologie is,[22] maar dan moet „verlossing" verstaan word as 'n politiek-kultureel-maatskaplike verlossing sodat mens, sonder om sinies te wees, dit miskien die beste as 'n *uhuru*-teologie kan omskrywe.

## 3. 'n Analise van Black Theology

Wanneer die struktuur en inhoud van die *Black Theology* besien word, dan is dit wel duidelik dat dit in wese nié 'n teologie, dit wil sê 'n leer aangaande God is nie. Dit is ook opvallend dat *Black Theology* óók nie 'n teologie in daardie sin wil wees nie.[23] Van verskillende kante word die gedagte dat Black Theology iets te make sou hê met die klassieke, Christelike teologie soos dit in die vernaamste Christelike kerke beoefen word, met veragting verwerp.[24]

Hoewel B. Moore[25] die argument gebruik dat alleen die Amerikaanse begrip *Black Theology* na Suid-Afrika ingevoer is maar nié die inhoud wat die Amerikaanse *New Left*-denke aan húlle *Black Theology* gegee het nie, is dit tóg duidelik dat die Suid-Afrikaanse weergawe van *Black Theology* in baie opsigte nie veel meer is as 'n eggo van die werk van James H. Cone en sy medestanders nie. Dit beteken dat die *Black Theology* in wese maar 'n onderdeel vorm van die ekumeniese Teologie van die Rewolusie wat op sy beurt weer ingekapsel en verder vaart gegee is deur Jürgen Moltmann se politieke teologie.[26] Hierdie politieke teologie of die teologie van die rewolusie is deel van die geestelike erflating van die marxistiese filosoof-teoloog Ernst Bloch wat deesdae 'n groot bekoring in Europa, in die kringe van die nuwere teoloë, uitoefen.

Dit is, jammer genoeg, nie moontlik om in hierdie bestek ook nog in te gaan op die filosofies-ideologiese agtergronde van die verskynsel *Black Theology* in Amerika nie. Tog is dit duidelik dat die *Black Theology* in Suid-Afrika nie volledig verstaan kan word nie as daar nie rekening gehou word met die sterk neo-marxistiese bepaalde Amerikaanse *Black Theology* nie want dit is en bly die wegspringplek van die Suid-Afrikaanse *Black Theology*. Met ander woorde

ook in die Suid-Afrikaanse *Black Theology* sal die invloed van Herbert Marcuse, Ernst Bloch, Richard Shaull, Helder Camara, Jürgen Moltmann en hulle medestanders en saampraters gemerk word. Diegene wat daardie invloede in die *Black Theology* nié kan raaksien, waardeer of meedeel nie is in feite besig om 'n totaal skewe beeld van die *Black Theology* te gee.

Kom mens nou by die *Black Theology* sélf dan is dit interessant om allereers op te merk dat die vertrekpunt van die *Black Theology* nié God self, die openbaring van God of die mededeling omtrent die openbaring van God, naamlik die Bybel, is nie. Danksy die neo-marxistiese ideologiese voorveronderstelling en onderbou van die *Black Theology* is sy vertrekpunt *die mens.* Omdat die *Black Theology* 'n omstandigheids- of situasiegebonde teologie wil wees, gaan dit ook nie om die mens assodanig nie; óók nie om die mens as skepsel van God nie maar om 'n bepaalde groep mense, in 'n bepaalde situasie wat voor bepaalde probleme te staan gekom het. In die geval van die *Black Theology* is dit dan die nie-blanke in Suid-Afrika wat met die sogenaamde oorweldigende probleme van onderdrukking, diskriminasie, vrees, honger, beledigings en ontmensliking moet worstel.

Dít is die primêre punt van die hele *Black Theology.* Daarop volg dan onmiddellik die vraag wat gevra word: Hoe groot, hoe wyd, hoe diepgaande is die lyding, die verdriet, die sorge van die nieblanke in Suid-Afrika? Eers as dit volledig uiteengesit en verstaan is, kom die volgende vraag na vore: Wie en wat was die nie-blanke; hoe en wat was sy godsdiens, kultuur en lewensstyl vóór hy met die blanke in aanraking gekom het, vóórdat die blanke en sy God die nieblanke en alles wat hy is en het as heidens en immoreel verwerp het.

Die tweede bepalende punt in die Black Theology is dan die vraag: Wat was die effek van die koms van die blanke kolonis en sy godsdiens op die nie-blanke godsdiens, kultuur en lewensstyl? Hierdie twee genoemde punte moet éérs behandel word, so word in die *Black Theology* geëis, voordat die *Black Theology* verder kan gaan of iets kan sê.

Nou is dit opvallend hoeveel aandag aan hierdie twee punte, binne die raamwerk van die *Black Theology* gegee word. Waarskynlik vanweë die ideologiese voorveronderstellings van die *Black Theology* vertoon sy omskrywing van die nie-blanke en sy sosio-kulturele, godsdienstige en politieke situasie nogal sterk ooreenkomste met die propagandistiese en vertekende beeld van die Suid-Afrikaanse situasie wat gewoonlik in marxistiese, neo-marxistiese en liberalistiese publikasies en beskrywings gevind word.[28] Hiérvolgens word die historiesonhoudbare stelling gemaak dat die blanke „koloniste" die inheemse nie-blanke van sy vaderland en grondbesit beroof het en die numeries oorweldigende getal nie-blankes teruggedruk het op 13—14% van die oppervlakte van Suid-Afrika. Dit beteken dan dat die meerderheid mense in Suid-Afrika op 13—14% van die oppervlakte saamgehok is en dat die blankes 86% van Suid-Afrika se grond en nog meer van sy rykdom besit. Om dié situasie te handhaaf, het die blankes die

diaboliese onderdrukkingssisteem van apartheid uitgevind en ingevoer.[29]

Die tekening van apartheid as „patroon van onderdrukking" vorm 'n soort konstante faktor in al die uiteensettings van *Black Theology.* Die onderdrukkingsfasette wat dan genoem word, is ekonomiese eksploitasie wat deur skerp en genadelose statutêre, militêre en polisiekontrole afgedwing word waarna dan verder verwys word na sosiale, politieke en kulturele kontrole en eksploitasie van die nieblanke deur die blanke. Ten slotte word daar dan ook nog verwys na die onderwys- en opvoedkundige eksploitasie en onderdrukking.

In hierdie uiteensettings word die Christelike kerke in Suid-Afrika dan ook skerp aangeval. Want dit word verwag dat die Christelike kerke in Suid-Afrika 'n standpunt sou inneem teen hierdie ontmenslikende sisteem van onderdrukking. Omdat dit egter meestal nie geskied nie word die Christelike kerke beskou as deel van die struktuur van eksploitasie en kontrole wat deur die blanke in Suid-Afrika geskep is.[30]

Die resultaat van hierdie siening is dat die nie-blanke in Suid-Afrika beskrywe word as volkome ontmenslik en dat hy, as gevolg van hierdie behandeling, 'n soort dier geword het wat sy eie nieblanke *dignitas* daagliks verloën en verloor omdat hy hierdie situasie aanvaar én omdat hy trag om in hierdie situasie die blanke „heersersklas" na te aap en dié se standaarde aan te neem.[31]

Hierdie gegewens, soos kortliks hierbo geskets, is nie alleen die oorheersend-bepalende *vertrekpunt* van die *Black Theology* nie maar dit is ongeveer die grootste inhoud van die *Black Theology.* Die situasie bepaal nie net die koers en rigting van hierdie teologie nie maar ook die inhoud van hierdie teologie. Daarom word, as derde faset van die struktuur van die *Black Theology,* vasgestel dat vanuit dié situasie van die nie-blanke in Suid-Afrika, soos dit deur die grondliggende ideologie verstaan en uitgelê word, sal die *Black Theology* hom dan na die Skrif en die dogmatiek wend.

Die *Black Theology* gaan egter nié na die Skrif om dáár Gods Woord te hoor oor God se bedoeling met die mens en die wêreld nie; dit wil nie luister na God se verlossing van die mens uit die slawerny van die sonde en die dood nie maar dit wil slegs verneem of die Skrif iets te sê het aan die nie-blanke in die situasie van verontregting en onderdrukking waarin hy verkeer; of die Skrif 'n antwoord kan gee op die vraag of dit werklik noodsaaklik was dat die nie-blanke se oorspronklike gemeenskapsvorms, kultuur, geskiedenis en godsdiens deur die Christendom vernietig moes word. Daarby wil die *Black Theology* weet hoe beoordeel die Skrif en die Christelike dogmatiek die onderdrukking van die armes deur die rykes.[32]

In die *Black Theology* domineer die ideologiese voorveronderstelling en word die Heilige Skrif, die oorkonde van die openbaring van God, slegs gebruik vir so ver dit die vasstaande argumente van die ideologie waarop die *Black Theology* gebou is, verder bewys en verstewig. Daarom word die argument ook sterk na vore gebring dat die *Black Theology* nie net 'n situasie-gebonde teologie is nie maar

word dit ook omskrywe as 'n teologie wat met die eksistensiële situasie van die nie-blanke worstel en dáárom is dit dan ook 'n teologie van *liberation*. Dit wil sê dit is nie 'n teologie wat iets te sê het oor 'n verlossing van die mens uit die magsgreep van die sonde en dood nie, maar dit wil die boodskap van *liberation*, in die grond van die saak die boodskap van *uhuru*, van politiek-maatskaplike *liberation* aan die nie-blanke bring.[33]

Die feit dat die *Black Theology* nie die mens, soos die Heilige Skrif, kán sien as 'n gevalle, sondige mens wat voor God skuldig staan nie, omdat die hele probleem van die verhouding van God en mens, God en sondaar-mens vir die *Black Theology* nié ter sake is nie, is dit duidelik dat in die *Black Theology* iets totaal anders gevind sal word as 'n leer aangaande God op grond van die gegewens wat in die Heilige Skrif gevind word.

Vanuit sy ideologiese voorveronderstellings is dit vir die *Black Theology* ook onmoontlik om die mens as sondaar voor God te ken of te waardeer want die Bybelse antropologie[34] is dáár nie ter sake nie maar alleen die opvatting dat die mens in homself goed is en dat die kwaad in die wêreld veroorsaak word deur die geërfde, histories-bepaalde strukture van die menslike samelewing. Dáárvan moet mens én gemeenskap deur middel van menslik-bepaalde vernuwing en verandering, verlos word om 'n ideale gemeenskap op aarde te vestig. Met ander woorde die verlosser of die verlossing waarna die *Black Theology* soek en wat dan ook geponeer word, is nié 'n verlosser wat die mens van die sonde en dood sal bevry nie maar dit is 'n politiek-maatskaplike messias met 'n politieke, maatskaplike boodskap van verandering (dit is: *change)* wat gerig is teen die verkeerde, onderdrukkende, mens-ontérende politiek-maatskaplik-kulturele strukture van die blanke in Suid-Afrika. Die aandag in *Black Theology* is dan ook byna uitsluitend gerig op die nie-blanke en ás daar in hierdie teologie van God gepraat word, dan is dit nié die persoonlike drieënige God van die Bybel nie,[35] maar 'n duidelik menslik-bepaalde God wat aan duidelik-omskrewe menslike behoeftes moet voldoen om aanvaarbaar te wees.[36] Daarom verwerp die *Black Theology* die Skriftuurlike gegewens oor God en verklaar triomfantelik dat die *Black Theology* God nié kan aanvaar as 'n persoon, almagtig, alwetend en as die hoogste gesag in die hemel en op aarde nie en ook nie die gegewene dat God òf manlik òf blank sou wees nie. God in die *Black Theology* kan hoogstens 'n „relational image" wees en daarom kan *Black Theology* slegs oor God sê dat Hy *freedom*, dit wil feitlik sê: *uhuru*, is.[37]

Van God word ook eintlik in die Black Theology nié gepraat nie. Hy is hoogstens, in die uitsonderingsgevalle waar God nog as persoon gesien word, 'n soort deïstiese skeppingsheer wat 'n volmaakte, goeie mens in aansyn geroep het.[38] Byna met wrewel word dan ook die Bybelse leer van die mens as sondaar voor God verwerp omdat hierdie pessimistiese antropologie niks anders sou wees nie as die ondermyning van die nie-blanke se selfrespek en 'n bevestiging van die minderwaardigheidsgevoel waarvan hy ontslae moet raak.[39] Al *sonde* wat die *Black Theology* ken, is die sonde van die

onderdrukking, die sondige bestaande strukture, die sondigheid van die blanke.[40] Daardie sondebegrip bepaal dan ook die verlossingsleer van die *Black Theology* en sy totale misvatting oor God die Here. Die *Black Theology* wil 'n godsdienstige onderskraging van die Pan-afrikanistiese *uhuru*-ideaal vir Suidelike Afrika wees en met daardie doel voor oë word dan ook 'n *nuwe* Jesus Christus as politieke messias na vore gebring.

Die Jesus Christus wat deur die *Black Theology* na vore gebring word, is in essensie nié die Seun van God wat plaasvervangend vir die mens voor God intree nie. Dit kan eintlik ook nie, gesien die hele struktuur van hierdie teologie. Want 'n sondelose mensdom het geen raad met 'n Verlosser wat gekom het om die mens van die magte van die sonde en die dood te bevry nie. Jesus Christus kan hier alleen as die voorbeeld geteken word, 'n begenadigde figuur wat in sy tyd 'n besondere koers bepaal het en wat nou, deur die hedendaagse nie-blanke, nageboots moet word.

Hierdie standpunt word dan ook met groot sorg gestel en uitgewerk en die Bybelse boodskap word dan ook omvorm om hierby aan te pas. Om dit te kan doen, word die evangelis Markus en die sinoptici baie gou van die toneel verwyder deur hulle af te maak as onbetroubare getuies van die historiese gebeurtenisse en van Jesus self omdat hulle nooit werklik begryp het wat hulle gesien het nie.[11] Hulle het, so word dan ook gestel, die boodskap en betekenis van Jesus vervals deur Hom as 'n pasifis voor te stel en dit is gedoen, so word dan beweer, omdat Markus en die sinoptici tog nog iets oor Jesus wou sê nadat die Joodse opstand, waarin Jesus dan 'n kernrol sou gespeel het, in 70 deur die Romeine platgeslaan is. Net so word die getuienis van die apostel Paulus en sy sistematisering van die evangelie verwerp want Paulus was, as Romeinse burger, deel van die sogenaamde *establishment*, deel van die onderdrukkende, mensontërende sisteem van die Romeine waarteen Jesus die stryd aangeknoop het.[42] Buitendien het Paulus op sy sendingreise hom onttrek uit die gekoloniseerde Palestina en skrywe hy sy boodskap aan mense buite Palestina wat nie betrokke is by die intense vryheidsstryd van die Jode nie.[43] Dit beteken in feite dat die Nieu-Testamentiese getuienis oor die historiese Jesus verwerp word. Die eintlike betroubare getuie oor Jesus en sy tyd is die verloopte Jood, Flavius Josephus. Met die hulp van Josephus se geskrifte en deur die teorieë wat geponeer is deur prof. S. G. F. Brandon[44] word 'n totaal nuwe beeld van Jesus as vryheidsvegter en *uhuru*-messias geteken. Juis in die beskrywing van Jesus word dit duidelik wat die *Black Theology* bedoel as hy sê dat hy besig is om die Skrif te her-interpreteer in die lig van die eksistensiële situasie waarin die nie-blanke homself bevind.[45]

Hierdie herinterpretasie van Jesus deur die *Black Theology* is interessant genoeg dat die buitelyne daarvan net kortliks geskets kan word. Jesus word geteken as 'n arm, onderdrukte Jood uit Galilea wat die volle geweld en onderdrukking van die blanke, westerse, imperialistiese Rome ervaar het. As 'n kind van Galilea, waar die sentrum van die verbete, nasionlistiese vryheidsbeweging van die

Zelotisme gevestig was, het Jesus van jongsaf die Zelotisme geken. Sy boodskap, wanneer Hy dan in die openbaar optree, is nié voor die hand liggend in die Nuwe Testament nie maar moet sorgvuldig daaruit geïnterpreteer word vanuit die ideologiese voorveronderstellings van die *Black Theology* én die uitgangspunt dat Jesus, afkomstig uit Galilea, 'n Zeloot moes gewees het. Die essensie van Jesus se boodskap aan sy tydgenote is dan in die eerste plek die boodskap van selfliefde, van waardering vir die eie, van die bevestiging van selfrespek en eiewaarde van die gekoloniseerde Jood teenoor die blanke, westerse, imperialistiese Romeine. Daarby kom dan, as vaste onderdeel van sy boodskap, die beklemtoning van die waarde, waardigheid en prinsipiële gelykheid van alle mense.

Die resultaat hiervan was dat Jesus, wat tussen en saam met die onterfde Jode geleef en gewerk het, eintlik géén eie boodskap gehad het nie. Hy het slegs dié boodskap en dié program wat reeds onuitgesproke onder sy tydgenote teenwoordig was, 'n duidelike gestalte gegee. Dáárom was sy boodskap 'n sosiale boodskap wat die stryd aangesê het aan die onderdrukkende, bestaande strukture van sy tyd. Dáárdie strukture is die essensie van die bose en die sonde, dit is die verpersoonliking van die Satan. Teen daardie strukture het Jesus die stryd aangebind en die vryheid wat Hy geproklameer het, was 'n vryheid van onderdrukking, verontregting, slawerny, armoede en ellende. Maar, só sou sy boodskap dan wees, God self sal nie die stryd vir die mens stry nie. Die mens moet deur die herontdekking van sy eie-waarde, deur die beklemtoning van sy menslike selfrespek homsélf verlos uit die ekonomiese, kulturele en politieke slawerny van die bestaande strukture.

Die voorbeeld wat Jesus gee van *hoe* om hierdie stryd te stry, word dan ook sorgvuldig in die *Black Theology* omlyn. Dié stryd, so word dan geponeer, is essensieel 'n politieke stryd en in daardie stryd was Jesus geen pasifis nie. Nie alleen het Hy nêrens die Zelotisme veroordeel nie, maar sy dissipels het swaarde gedra en Hyself het meerdere male die bestaande Joodse burgerlike en godsdienstige wette oortree; Hy het die spot gedryf met die *establishment* en sy mense geleer om hulle eie gang te gaan en self te besluit wat die beste metode is om die bestaande strukture aan te val en te vernietig. Op dié manier het Hy die vlam van hoop en die dors na vryheid gestimuleer en van sy mense doelgerigte mense gemaak wat bereid was om die politieke offensief te loods. Die betekenis van Jesus se dood, kruis en opstanding is dan ook 'n boodskap van hoop omdat dit die hedendaagse mens leer dat hy nog steeds betrokke is in Jesus se stryd teen die bestaande politieke, maatskaplike, opvoedkundige en kulturele strukture wat deur die blanke, westerse imperialisme opgebou is. Jesus se opstanding leer die mens dat die kwaad, naamlik die bestaande strukture, nie oppermagtig is nie maar oorwin kán word. Dié oorwinning kan beveg word, op watter manier ook al.[46] Die primêre klem in die stryd moet egter val op die besondere klem wat Jesus lê op die menslike waarde, regte en vryheid.[47] Só is en so word die *Black Theology* dan 'n *uhuru*-teologie, 'n teologie wat hom ontferm oor die aspirasies en denkstrukture van *Black*

*Power* en *Black Consciousness* en daarvoor 'n teologies-klinkende regverdiging vind.[48]

Vanuit hierdie gedagtewêreld word dan ook nog in die *Black Theology* oor die taak en rol van die kerk gepraat. Die kerk, soos dit tans bestaan — en in hierdie verband verwys die *Black Theology* uitsluitlik na die veelrassige, geïntegreerde sending- en bestaande kerke — is vir die *Black Theology* nie veel meer as 'n blanke instrument vir die onderdrukking van die nie-blanke nie.[49] Met 'n merkwaardige ongeduld word dan, in hierdie verband, verwys na die blanke sendelinge van die vorige eeu wat met soveel entoesiasme die evangelie van veelrassigheid en die gelykstelling van blank en nie-blank in Suid-Afrika verkondig het.[50] Daarmee beklemtoon die *Black Theology* dat vir hom veelrassige of geïntegreerde kerke of kerklike gemeenskappe prinsipieel onaanvaarbaar is. Vanuit die *Black Theology* se ideologiese voorveronderstellings is dit ook verstaanbaar want in enige veelrassige situasie beteken dit nóg dat die nie-blanke aan die norme en konvensies van die blanke moet konformeer. Dit is in die kader van hierdie denke pure „rassisme" en daarom streef die *Black Theology* ook na 'n situasie waar die nie-blanke die dominante faktor sal wees en die blanke aan die norme, eise en konvensies van die nie-blanke sal moet konformeer.[51] Só 'n situasie sal dan ook sommer die einde van alle „rassisme" wees. Dit is dan ook, volgens die *Black Theology*, die primêre taak van die kerk en die kerk moet aan die voorpunt van die stryd teen „rassisme" staan. Dáárom moet die kerk terugkeer na die primitiewe kommunisme van die vroeë, Christelike kerk en na die kommunalisme van die Bantoe se stadtradisies. Van dááruit moet die kerk dan 'n bondgenootskap sluit met die sosialistiese aspirasies van die nie-blanke massa om so 'n nuwe gemeenskap te bou waar die nuwe mens, bevry van die tans bestaande strukture, 'n regverdige, sosialistiese gemeenskap kan bou waar hebsug, haat, kompetisie en uitbuiting nie meer sal bestaan nie.[52]

Die kerk moet verder, in hierdie tyd, 'n draer wees van 'n boodskap van hoop en moet, net soos Jesus, die groot voorvegter wees om die regverdige, sosialistiese gemeenskap te verwerklik. Daarom moet die kerk die *theology of land* verkondig en wys op die enorme onreg wat in Suid-Afrika bestaan vanweë die onregmatige verdeling van grond. Omdat die grond onregverdig verdeel is tussen die nie-blankes wat maar 14% van die oppervlakte besit terwyl die blankes 86% besit, dáárom is daar ook 'n onregverdige verdeling van ekonomiese krag en politiekemag. Hierdie onregverdige *status quo* moet deur die kerk uitgewis word en daarom moet die kerk hom beywer vir die *liberation* van die nie-blanke.[53] Met ander woorde die kerk moet ook 'n *change agent* word om die bestaande strukture omver te gooi en *uhuru* in Suid-Afrika te bewerkstellig. Terselfdertyd is dit die taak van die *Black Theology* én die organisasies wat hom dra om die noodsaaklike konfrontasie tussen blank en nie-blank te bevorder sodat die bestaande situasie radikaal verander kán word.

## 4. Die Black Theology in sy samehang

Die *Black Theology* is nié 'n geïsoleerde verskynsel nie en dit moet ook nie assodanig beoordeel word nie. Dit kan alleen reg verstaan word as dit gesien word as 'n vaste onderdeel van die propagering van *Black Consciousness* en *Black Power* in Suid-Afrika. Die *Black Theology* is nié 'n aanvaarbare vorm van inheemswording van die Christelike geloof en teologie onder die nie-blanke nie, maar dit moet verstaan word soos dit homself manifesteer, naamlik as die godsdienstige interpretasie van *Black Consciousness* en alles wat dit beteken.[54] Immers *Black Consciousness* is 'n wisselbegrip vir *Black Power* en dit beteken dat die skerp, negatiewe, anti-blanke karaktertrekke van die Panafrikanisme en *Black Consciousness* volledig in die *Black Theology* verdiskonteer word.

Aanvanklik was dit veral die *University Christian Movement* wat dit hom ten doel gestel het om die *Black Theology* te propageer. Dit is dan ook gedoen deur *Black Theology*-konferensies op nasionale en regionale vlak gedurende 1971 te organiseer waar die basiese begrippe van die *Black Theology* voorgedra is aan nie-blanke, kerklike ampsdraers. Vanweë die noue skakeling van die UCM met die *Christian Institute* wat op sy beurt weer nou geskakel is met die *African Independent Churches Organisation* en die Engelstalige, geïntegreerde kerke in Suid-Afrika, was dit relatief eenvoudig om dié konferensies te belê en te laat slaag. Die bedoeling van die propagering van die *Black Theology* is ook baie duidelik gestel:[55]

> „It is imperative that as many as possible of these ministers should be made to rub agamst the idea of the new approach, so as to liberate them from oppression by themselves and their various churches."

Die bestaande Christelike kerke is dan ook sommer as „white man's religion" afgeskryf en die *Black Theology* voorgestel as die deurbraak van „meaningful Christianity". So sterk het die *Black Theology* ingestaan in die UCM en so oorheersend het die belang daarvan geword dat in 1971 die UCM op sy jaarlikse kongres besluit het om die beweging die naam van *The Black Theology Movement* te gee.[56]

Vanweë sy eie skerp afwysing van veelrassigheid en geïntegreerde organisasies waar die blanke, bewus of onbewus, die norme en konvensies bepaal, het die UCM met sy betrokkenheid by die *Black Theology* feitlik sy eie bestaansreg as veelrassige organisasie opgehef. Vanweë die feit dat die *Black Theology*-gedagte relatief gou groeikrag getoon het, was dit vir die voortgang van die *Black Theology* geen terugslag toe die UCM in 1972 homself ontbind het nie. Tog was dit vir die *Black Theology* nié nodig om elke vorm van 'n organisatoriese basis te ontbeer nie. Kort op die hakke van die ontbinding van die UCM het die nuus gekom van die stigting, te Pietermaritzburg, van die *Black People's Convention*.[57] Hierdie *Convention* wat, ideologies gesproke, in sy aksieprogram nogal ooreenkomste vertoon met die opvattings van die *Congress Alliance* van die sestigerjare, het hom ook ontferm oor die Black Theology en as een van sy doelstellings gestel:

„To cooperate with existing agencies to reorientate the theological system with a view to making religion relevant to the needs, aspirations, ideals and goals of the Black People."

Hier word, in 'n paar sinnetjies, baie netjies opgesom *hoe* ondergeskik die teologie moet wees aan die ideologie waarvan die *Black Theology* die eksponent moet wees. Omdat die *Black Theology* so sterk ideologies gekoppel is, is dit ook vanselfsprekend dat dit diensbaar gemaak sal kan word aan die ideale en doelstellings van die *Black Consciousness South African Students Organization.* Dit is dan ook opvallend dat Steve Biko en Adam Small wat beide as woordvoerders van SASO beskou kan word, ook hulle medewerking aan die propagering van die *Black Theology* gee.[58]

Naas hierdie koppeling met SASO is dit ook opvallend dat die gedagtes van die *Black Theology* ook 'n leidende rol speel in die projek SPROCAS 2 (dit is: *Special Programme on Christianity in an Apartheid Society — Social Change, Christian Action)* van die *Christian Institute* en die *South African Council of Churches* wat met 'n begroting van R130 000 en Peter Randall as projekhoof vroeg in 1972 geloods is.[59] Hierdie projek het die bedoeling om die bestaande strukture in Suid-Afrika te verander en om dít te kan bereik moet 'n blanke en 'n nie-blanke program gerealiseer word. Die uiteindelike doel is om 'n nie-blank-gedomineerde en bepaalde regverdige gemeenskap in Suid-Afrika te vestig.

Hierdie program, waarbinne die *Black Theology* ongetwyfeld sy rol moet speel, is op sy beurt weer gekoppel aan die groter projek van die *Christian Institute,* UCM en NUSAS se PROD (dit is: *Personal Relations and Organisational Development Programme)* én die Engelstalige kerke se CELT (dit is: *Christian Education and Leadership Training)* naamlik die *Development Project for Educational, Organisational and Leadership Training.* Hierdie projek met 'n begroting van R700 000 wil, volgens *Hoofstad* van 18 November 1971, ongeveer 'n 1 500 mense by die *Wilgespruit Fellowship Centre* oplei om die sosiale „rewolusie" in Suid-Afrika deur te voer. Gesien die feit dat die *Black Theology* binne die dampkring van hierdie organisasies na vore gekom het, is dit seker nie te vergesog om ook aan die *Black Theology* 'n belangrike rol in die komende sosiale „rewolusie" toe te ken nie.

As verder in ag geneem word dat 'n eminente kenner van hierdie aangeleenthede, prof. dr. J. Verkuyl van die Vrije Universiteit van Amsterdam, die *Black Theology* hoog waardeer as 'n middel om die bewuswording van die swart studente kragtig te stimuleer en terselfdertyd die UCM hoog aanslaan as een van die liggame wat die struktuurverandering in Suid-Afrika nastreef,[60] dan is dit duidelik dat die *Black Theology* nié anders waardeer kan word nie as 'n middel tot voorbereiding van die rewolusie nie.[61] Dit is natuurlik duidelik dat die *Black Theology* nêrens die eis van 'n gewelddadige rewolusie in sy vaandel geskryf het nie. Net so duidelik is dit egter dat die *Black Theology* die bestaande strukture in Suid-Afrika holisties wil verander om hier 'n nie-blank-gedomineerde en bepaalde sosialistiese gemeenskap in Suid-Afrika te vestig. Dáárin verskil die *Black Theology,* ideologies gesproke, nié van die terroriste-

beweging op ons grense nie. Die enigste verskil wat daar tussen hulle is is seker maar net 'n verskil van metode.

## 5. Slotopmerkings

By die beoordeling van die probleme wat die *Black Theology* opwerp, vir so ver as wat dit werklik as 'n teologie beskou kan word, is dit duidelik dat die *Black Theology* sy vertrekpunt in 'n sterk, vertekende beeld van die werklike situasie in Suid-Afrika vind. Die Suid-Afrikaanse werklikheid word nie gesien soos dit is nie of soos dit histories ontstaan het nie maar deur die bril van die marxistiese en neo-marxistiese ideologie wat 'n bepaalde skematisering toepas om sodoende regverdiging te vind vir sy maatskappykritiek en sy propagering van die rewolusie en sy toekomsverwagting van 'n sosialistiese utopia wat in die na-rewolusionêre tyd na vore sal kom. Aan daardie ideologie word die Bybelse evangelie van Jesus Christus diensbaar gemaak en word met klem gestel dat die *Black Theology* nou die situasie-gebonde boodskap van die Christendom aan die nie-blanke is. In feite is die *Black Theology* egter 'n radikale inkorting en vervalsing van die Bybelse evangelie. Dit kan miskien selfs getipeer word as 'n vlak, marxistiese en optimistiese antropologie met 'n paar teologies-klinkende kanttekeninge daarby.

Opvallend is dit dat die *Black Theology,* soos dit in die V.S.A. en Suid-Afrika na vore kom, nié verkondig en uitgedra word in die onafhanklike swart state van Afrika nie. Maar dit is wel duidelik waarom dit nie geskied nie. Die *Black Theology* is nie werklik 'n teologie nie, dit is nie 'n leer aangaande God nie maar dit is 'n marxistiese of neo-marxistiese program wat met teologiese frases vermom is. In essensie is dit nie veel meer as 'n aangepaste metodiek vir rewolusie nie, soos die marxisme dit ook is.[62] Dáárom word dit in Suid-Afrika, in die witmansland, ingedra wat volgens die verklaarde doelstellings van die Panafrikanisme bevry moet word. As religieuse interpretasie van die marxistiese *Black Power*-ideologie wil dit die *liberation* van die nie-blanke dien en nié primêr 'n bydrae lewer tot die uitbreiding van die koninkryk van God wat nie van hierdie wêreld is nie. Daarom is dit ook 'n totale misvatting om die gedagte te huldig dat die *Black Theology* íéts te make het met die inheemswording van die kerk en die evangelie onder die nie-blanke van Suid-Afrika.[63] Dit sal dan ook 'n verwarring wees as die begrip *Black Theology* vir iets anders gebruik sal word as vir hierdie ideologies-bepaalde skema wat hier bespreek is.

Hoewel die *Black Theology* op die vlak van die hermeneutiek en die sending probleme vir die kerk kan skep, is dié in wese nie onoorkomelik nie. Die probleem sal egter vererger word as die kerk, teenoor die *Black Theology,* die pad van die minste weerstand sal wil volg en sal wil probeer om deur middel van toegewings, aanpassings of veranderings in sy eie teologiese denke en belydenis, hierdie afwykende denke te oorwin. Dan sal die kerk moet trag om die *Black Theology* te paai en dan sal die kerk uiteindelik geen ander keuse hê as om méér sosialisties as die *Black Theology* self te word

nie. Die antwoord is ook nié dat die kerk nou inderhaas 'n „Afrika-teologie" of iets dergeliks sal gaan ontwerp nie. Kerklike integrasie van blank en nie-blank, aanpassings in die maatskaplike en politieke strukture, toegewings ten opsigte van die inhoud, draagkrag en betekenis van die Bybelse evangelie van Jesus Christus sal nié die antwoord wees nie. Immers die *Black Theology* eis nie toegewings van die blanke nie, maar vra totale onderwerping van die blanke aan die nie-blanke.

In feite is daar vir die kerk net één antwoord, ook op die vlak van die sending, en dit is om met toenemende ywer, groter geloof, suiwerder insig onverkort en onvervals die Bybelse evangelie van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, te verkondig volgens die riglyne vir die prediking wat in die Belydenisskrifte van die kerk gegee is. Hier mag ons daaraan dink dat net soos die profete van die Ou Verbond het die kerk eintlik niks *nuuts* aan ons geslag te sê nie. Want ál wat ons te sê het, is die ou maar ook altyd-nuwe evangelie van Jesus Christus, die Here. Al is dit 'n ou boodskap bly dit altyd nuut omdat God en sy Woord ewig, onveranderlik, altyd nuut is en bly. Dit is slegs die taak van die kerk om hierdie Woord, hierdie boodskap só uit te dra dat alle mense dit sal hoor én sal glo en God sal verheerlik.

Teenoor die ideologieë van ons tyd staan ons inderdaad in die versoeking om die Bybelse boodskap aan te pas en om die Bybelse evangelie diensbaar te maak aan die ideologieë soos die Amerikaanse radikale liberalisme, die Europese sosialisme en die marxisme en die neo-marxisme in al sy verskillende fasette. Die *Black Theology* is één bewys hoe daar voor daardie versoeking geswig is. Dat dit gebeur het, is egter nie verwonderlik nie want dit het al vantevore gebeur en dit sal weer gebeur omdat die mens in wese 'n sondaar is en daarom altyd geneig is om méér gewig te heg aan sy eie opvattings as aan die Woord van God. Daarom is dit die taak van die kerk om sorgvuldiger as ooit tevore te luister na God se Woord en om dit dan ook onbevrees uit te dra. Die oplossing van die mens se probleme het nog nooit gelê in die verandering van die strukture van hierdie wêreld nie, maar in die verandering van die mens self. Die oplossing van die wêreld se probleme lê nié in die droomwêreld van 'n marxistiese utopia nie, maar dit is gegee in die Kruis van Jesus Christus, die ewige Seun van God, wat daardie pad gegaan het om die mens deur die geloof, deel te gee aan die hede en die toekoms wat van God is.

Prof. dr. A. D. Pont.
(Professor in Kerkgeskiedenis, Ned. Herv. Kerk, U.P.).

(Gelewer voor die G.T.V. Pretoria, Nov. 1972)

AANTEKENINGE

1 Lesing gehou by die Gereformeerde Teologiese Vereniging, Pretoria, 27 Nov. 1972.

2 Vgl. Daniel T. Brigham, *Blueprint for Conflict*, New York 1969, p. 1—3.

3 Vgl. R. Gibson, *African Liberation Movements,* London 1972, p. 326—7.
4 Vgl. o.a. V. B. Thompson, *Africa and Unity,* London 1969, p. 183.
5 Vgl. o.a. M. Morris, *Terrorism,* Cape Town 1971, p. 124—125.
6 James Cone and G. Wilson, *The Future and African Theology,* artikel in *Pro Veritate,* Jan. 1972, p. 2.
7 James H. Cone, *Zwarte Theologie en Black Power,* Roermond 1970, bl. 154.
8 In hierdie verband kan byvoorbeeld die aanwysings nagegaan word wat deur Lin Piao gegee word vir die sg. *Peoples' War.*
9 Vgl. in hierdie verband die opsomming gegee in die *Kerklike Aspek* van die Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, bl. 19 v.
10 V. B. Thompson, *l.c.,* p. 12.
11 M. Motlhabi, *Foreword* in *Essays on Black Theology,* Johannesburg 1972.
12 J. Cone and G. Wilson, *l.c.,* p. 2.
13 Vgl. in hierdie verband byvoorbeeld T. Ali, *New Revolutionaries,* London 1969 asook A. K. Bierman and James A. Gould, *Philosophy for a New Generation,* London 1970.
14 Wat die *New Left* beoog, word duidelik geïllustreer deur Jerry Rubin, *Do It! Scenarios für die Revolution,* Reinbek bei Hamburg 1971.
15 James H. Cone, *a.w.,* bl. 154.
16 Vgl. A. D. Pont, *Die „University Christian Movement",* artikel in *Hervormde Teologiese Studies,* Jrg. 24, afl. 4, Pretoria s.j., bl. 211 v.
17 Vgl. B. Moore, *Wide, Wonderful USA,* artikel in *One for the Road,* June 1968 asook sy latere geskrifte.
18 Die UCM het volgens sy gepubliseerde finansiële state min of meer 70% van sy inkomste uit Amerikaanse en buitelandse bronne gekry.
19 *Freedom '71. UCM Conference Report,* p. 35.
20 M. Motlhabi, *Black Theology. A Personal Opinion,* artikel gepubliseer in M. Motlhabi (ed.), *Essays on Black Theology,* Johannesburg 1972, p. 57.
21 B. Moore, *What is Black Theology?*
22 S. Ntwasa, *What is Black Theology?*
23 Vgl. in hierdie verband B. Moore se voorstelle vir 'n studieprogram vir nie-blanke teologiese studente aan die *Federal Seminary* te Alice.
24 S. Moore, *What is Black Theology?* S. Ntwasa, *What is Black Theology?* S. Ntwasa and B. Moore, *Re-thinking the Concept of God in Black Theology;* James H. Cone, *Black Theology and Black Liberation,* artikel in *Essays on Black Theology,* p. 28 ff.
25 B. Moore, *What is Black Theology?* As mens die Amerikaanse Negerpredikant en leidende figuur in die *Black Power*-beweging se opstel: *The Black Messiah and the Black Revolution* wat eers in 1971 gepubliseer is, nagaan dan wil dit tog voorkom asof Basil Moore se uiteensetting van *Black Theology* nie veel meer is as 'n parafrasering van hierdie opstel van Cleage nie. Ook op ander punte blyk dit dat Moore se uiteensettings nie altyd eie werk is nie maar veel eerder die samevatting en kondensering is van gedagtes en denkpatrone wat in die VSA in die kringe van *Black Power* en die *New Left* na vore gekom het. *Black Theology,* soos dit deur Moore omskrywe word, is dus nié 'n Suid-Afrikaanse produk nie maar 'n Amerikaanse invoerproduk.
26 Afgesien van Jürgen Moltmann se omvangryke geskrifte kan dit miskien 'n kortpad wees om te let op J. S. Kruger, *Die politieke teologie van*

*Jürgen Moltmann, 'n Oriëntering,* artikel gepubliseer in *Theologia Evangelica,* Pretoria 1972, Jrg. VI, Nos. 2 en 3. Oor die Teologie van die Rewolusie kan o.a. verwys na die interessante artikel van J. W. Winterhagen, *Die Umwälzung in der Oekumene,* Kronach 1971.

27 B. Moore, *What is Black Theology?*

28 Vgl. in hierdie verband *The Road to South African Freedom;* C. B. Collins, *Freedom means Development,* p. 29 ff.; L. Schlemmer, *Factors underlying Apartheid,* SPROCAS, Vol. 1, Johannesburg 1971.

29 Vgl. *The UCM in the South African Context.*

30 C. B. Collins, *l.c.,* M. Motlhabi, *Essays in Black Theology* en die geskrifte van B. Moore.

31 Vgl. *Black Power,* 'n studiestuk van die UCM.

32 B. Moore, *What is Black Theology?*

33 B. Moore, *Towards a White Theology.*

34 Die grondlyne daarvan word getrek deur die Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 14—17.

35 *Freedom '71* sê in hierdie verband: The traditional image of God as a "person" was dismissed in favour of relational images and symbols (e.g. God is love, truth, justice, freedom). It was stressed that while on the one hand we do have some inkling of what these concepts mean because we have experienced their reality, on the other hand we do not really understand what we are talking about.

36 Vgl. Vic Mafungo, *Black Theology, a reassessment of the Christ,* artikel in *SASO Newsletter,* Sept. 1971, p. 3.

37 B. Moore and S. Ntwasa, *Re-thinking the Concept of God in Black Theology.*

38 A. Mpunzi, *Black Theology as Liberation Theology,* artikel in *Essays on Black Theology,* p. 108—109.

39 A. Mpunzi, *l.c.,* p. 111.

40 S. Ntwasa, *What is Black Theology? An Assessment of its validity.*

41 B. Moore, *Towards a Black Theology.*

42 B. Moore, *l.c.,* p. 4.

43 B. Moore, *l.c.,* p. 5.

44 S. G. F. Brandon, *Jesus and the Zealots,* Manchester 1967. Dit is goed om daarop te let dat Brandom se teorie dat Jesus 'n Zeloot sou gewees het en dat sy boodskap in die lig van die Zelotisme verstaan moet word, reeds grondliggend weerlê is. 'n Interessante uitwerking van Brandon se teorie word gevind by die *religious adviser* van president Kaunda, Colin Morris, *Unyoung, Uncoloured, Unpoor,* London 1969. Die weerleggings van Brandon kan o.a. gevind word by D. R. Catchpole, *The Trial of Jesus,* Leiden 1971 en O. Cullmann, *Jesus und die Revolutinären seiner Zeit,* Tübingen 1970. Dit beteken in feite dat een van die primêre fasette van die *Black Theology* as wetenskaplik onhoudbaar aangedui is.

45 M. Motlhabi, *Black Theology. A Personal Opinion,* artikel in *Essays on Black Theology,* p. 56.

46 Colin Morris lewer in sy boekie dan ook 'n emosionele pleidooi vir die terrorisme en is daarvan oortuig dat die Kalashkinov AK 47 dié uitmuntende middel is om die boodskap van die moderne teologie in Suidelike Afrika uit te stippel.

47 B. Moore, *Towards a Black Theology.*

48 James H. Cone, *Black Theology and Black Liberation,* artikel in *Essays*

*on Black Theology*, p. 28—36; vgl. ook D. Thebehali, *Has Christianity any relevance for and future among Black People in South Africa?*

49 Byna vanselfsprekend het die *Black Theology* nié kennis geneem of êrens verwys na die sendingwerk en die nie-blanke kerke wat as gevolg van die sendingwerk van die Ned. Hervormde Kerk na vore gekom het nie. Daardie sendingwerk wat 'n Skriftuurlik-gefundeerde poging is om die Christelike *geloof* werklik inheems onder die nie-blanke te laat word, weerspreek nie alleen die *Black Theology* se ideologiese voorveronderstellings nie maar toon ook dat daar ánder maniere is om 'n lewenskragtige teologie in nie-blanke kringe te beoefen as op die rug van allerlei ideologiese voorveronderstellings.

50 Fr. Lawrence Zulu, *The Nineteenth Century Missionaries in South Africa, their significance for and effect on Black South Africa;* A. Mabona, *White Worship and Black People;* D. Thebehali, *l.c.*

51 B. Moore, *Towards a Black Theology.*

52 N. Pityana, *What is Black Consciousness?*, artikel in *Essays on Black Theology*, p. 42—43.

53 Vgl. *The UCM in the South African Context.*

54 N. Pityana, *l.c.*, p. 42.

55 *Areas of Cooperation. What UCM should be.*

56 *Freedom '71*, p. 2.

57 *Die Afrikaner*, 28 Julie 1972.

58 H. W. van der Merwe and David Welsh, *Student Perspectives on South Africa*, Cape Town 1972 en ook M. Motlhabi (ed.), *Essays on Black Theology*, Johannesburg 1972.

59 *Pro Veritate*, Jan. 1972.

60 J. Verkuyl, *Verslag oor my S.A. besoek*, artikel in *Pro Veritate*, Augustus 1970.

61 Vgl. in hierdie verband die opmerkings van C. F. B. Naudé in die *Deutsches Allgemeines Sonntagsblad*, 7 November 1971.

62 In hierdie verband kan daarop gelet word dat o.a. Mao Tse-Tung dit skerp beklemtoon dat die marxisme in essensie 'n metodiek vir rewolusie is.

63 Vgl. in hierdie verband *Die Kerkbode*, 14 April 1971 en ook verskillende artikels van D. J. Bosch.